



Parkieland  
H/V Anderson - en  
Thomas Edisonstraat  
Menlopark 0081  
Tel: 012 460 1976  
Faks: 012 460 1976  
parkieland@menlolaer.co.za  
www.parkieland.co.za

13 April 2022  
Nuusbrief No 12

Liewe Ouers,

Baie dankie aan elkeen wat die oueraand verlede week bygewoon het. Daar was baie sinvolle gesprekke gevoer in belang van ons kinders.

**Personeel:**

- Tannie Irene in die kombuis bedank die Kameelperdklas vir die verjaarsdagbederf wat die klas vir haar gegee het. Sy waardeer dit opreg.

**Bybelse ete: Donderdag 14 April 2022: Gr 00, Gr 000 en 2-3 Jariges:**

- Ons herinner u aan ons Bybelse ete en om vir u kleutertjie "Bybelse klere" aan te trek.

**Maats, julle kan OPSTANDINGS-SKATTEJAG by die huis speel:**

**Jy gaan die volgende items in jou huis of tuin moet soek:**

1. Iets wat **wit** is: Dit verteenwoordig God se reinheid. (God het nie sonde nie.)
2. Iets wat **swart** is: Dit verteenwoordig sonde.
3. **Brood**: Jesus het brood geneem en dit gebreek en uitgedeel aan Sy dissipels.
4. **Muntstukke**: Judas het Jesus verraai in ruil vir geld.
5. **Parfuum**: Dit verteenwoordig die reukolie wat op Jesus se voete uitgegooi was.
6. **Dorings**: Dit verteenwoordig die dorings in Jesus se doringkroon.
7. 2 Stukke **hout**: Dit verteenwoordig die kruis.
8. **Spykers**: Dit verteenwoordig die spykers waarmee Jesus aan die kruis vasgespyker was.
9. Iets **suur**: Jesus het asyn gekry om te drink toe Hy dors was.
10. Iets wat **rooi** is: Dit verteenwoordig Jesus se bloed.
11. Iets wat **geskeur** is: Dit verteenwoordig die voorhangsel ("gordyn") van die tempel wat in twee geskeur het.
12. **Kruie/Speserye**: Dit verteenwoordig die kruie waarmee hulle Jesus se liggaam gebalsem het. (Gereed gemaak het vir die graf.)
13. 'n **Klip**: Dit verteenwoordig die klip wat voor die graf (grot) gerol was.
14. 3 **Blommetjies**: Dit verteenwoordig die 3 dae wat Jesus in die graf gebly het.
15. Iets wat **leeg** is: Dit verteenwoordig die graf wat leeg was. Jesus het **OPGESTAAN!**
16. 'n **Wit lap**: Dit verteenwoordig die doeke wat in die graf agtergebly het.
17. Iets **nuut**: Dit verteenwoordig die ou dinge wat verby gegaan het, en die **NUWE LEWE** wat God ons gee.

## HIERDIE WEEK GESELS ONS OOR PAASFEES.

In Johannes 20:27 sê Jesus vir Thomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig."

Jesus se liefde vir ons, het al ons sonde weggeneem, en Hy vra dat ons Sy hande en voete hier op die aarde sal wees.

Een manier om Jesus se hande te wees is deur te bid. Hier is 'n maklike manier om te onthou vir wie almal om te bid. As jy jou hand met die palm na voor teen jou bors hou, gaan elke vingertjie vir jou sê vir wie om te bid. (Leer hier ook sommer die vingers se name vir jou kind.)

1. Jou **duimpie** is die naaste vinger aan jou hart, en leer jou om te bid vir die mense naaste aan jou hart soos jou gesin en familie, dis natuurlik almal vir wie jy BAIE LIEF is, selfs jou maatjie ook!

2. Jou **wysvinger** is om jou te leer om vir mense te bid wat jou leer soos Juffrou en jou studentjuffrou en die dominee of pastoor. Dis die mense wat vir jou die regte rigting moet aandui.

3. Jou **middelvinger** is die langste vinger van almal en dit leer ons bid vir mense met hoër gesag soos ons regering. Ons moet vir hulle bid vir God se leiding.

4. Jou **ringvinger** is die swakste vinger! Hierdie vinger leer ons om te bid vir swak mense soos mense wat siek is, asook mense in hospitale en ook ou mense.

5. Jou **pinkie** is die laaste vingertjie en is die kleinste. Daarom herinner hierdie vingertjie ons om vir onself te bid. God hoor wanneer ons tot Hom bid, al is ons klein!



### Hier is 'n gebedjie wat jy kan leer:

Dankie vir die lekker dag  
Dat ons kon speel en lag.  
Dankie vir die sonneskyn,  
Die diertjies groot en klein.  
Dankie vir ons kos, o Heer,  
En alles lief en mooi en teer.  
Amen

## Mandjiemark:

- As deel van ons jaarlikse fondsinsameling wat die Ouerkomitee loots, hou ons 'n mandjiemark. Ons het dit al vantevore as fondsinsameling geloots en dit was 'n reuse sukses.
- Elke klas het 2 "Temas" wat die Ouerkomitee op 'n vergadering gekies het. Elke klas is dus verantwoordelik om 2 mandjies met nuwe items te vul volgens u temas.
- **Buite op die muur by die klasse, bring elke Ouerkomiteelid 'n lys aan van voorstelle, asook 'n houer waarin u die items kan plaas.**
- Elke ouer ontvang 'n boekie van 12 kaartjies @ R30 elk om te verkoop. U en u vriende of kollegas kan kies om **enige kaartjie vir enige van die 12 mandjies** te koop. 'n Trekking sal op 21 Junie gehou word om 'n wenner vir elke mandjie te bepaal. Die boekies word 11 Mei uitgegee en verkope begin ook dan.

## Die temas is soos volg:

<b>OLIFANTE:</b>	<b>Kamp &amp; Braai Sjokolade</b>
<b>KAMEELPERDE:</b>	<b>Pasta &amp; wyn Kinderbederf &amp; kinderkuns</b>
<b>HASIES:</b>	<b>Koffie Mamma "me-time"</b>
<b>EENDJIES:</b>	<b>Groen vingers (tuinmaak) Winterbederf</b>
<b>LAMMETJIES:</b>	<b>Nagereg &amp; Bak-en-Brou Pappabederf</b>
<b>KALFIES:</b>	<b>Kosblik &amp; peusel Vakansie/see toe</b>

- Daar sal houters voor elke klas geplaas word waarin u u items kan plaas. Bring asseblief soveel as wat u kan bydra, sodat ons waardevolle mandjies beskikbaar het om uit te loot.
- Laat weet asseblief u Ouerkomitee-mamma d.m.v. 'n persoonlike boodskap wat die **WAARDE** van u aankope is. Ons maak 'n waardebepaling van elke mandjie wat ons dan op die mandjie aandui.
- U het kans tot **4 Mei** om items volgens die tema, by te dra. Die mandjies gaan dan uitgestal word, en u gaan kaartjies ontvang om te verkoop.
- **Die seun en dogter wat die meeste kaartjies verkoop, ontvang 'n prys.**
- Baie dankie dat ons op u kan staatmaak vir hierdie projek.

### Ongure besoekers:

- Hierdie tyd van die jaar wanneer die seisoen draai weet ons al dat die "kopluise hulle voelers uitsteek." Gebruik asseblief die langnaweek om u kind se hare baie mooi deur te gaan, ons sien 'n paar maats wat koppe krap.

### Ontvangs soggens - wagklasse:

- Die van u wat al lank aan die skool verbonde is, sal onthou dat die personeel voor Covid diensbeurte gehad het om die kinders om 7:00 te ontvang in een klas totdat die res van die personeel om 7:30 arriveer.
- Tydens Covid het die personeel goedgeunstig 7:00 gearriveer om die kinders in hul eie klasse te ontvang sodat die klasgroepe nie hoef te meng nie. Van Dinsdag af gaan die Gr 000- en Gr 00-groepe deur hul onderskeie groepe se studente ontvang word.
- Hasies en Eendjies roteer tussen die twee klasse: vir een week in die Eendjieklass, dan die volgende week in die Hasielklas. Bianca en/of Janine sal die kinders ontvang. Gee u kind by die studente af asseblief.
- Olifante en Kameelperde roteer tussen die twee klasse: een week in die Olifantklas, dan die volgende week in die Kameelperdklass. Chanté en/of Simoné sal hulle ontvang. Gee u kind by die studente af.
- Die Juffrouens sal dan om 7:30 die kinders by die wagklas kom afhaal en klas toe neem.
- Die Lammetjies en Kalfies se Juffrouens gaan roteer deur diensbeurte te neem.
- Ons vra mooi dat u die kinders by die wagklasse sal afgee - geen kind mag alleen in sy of haar klas wag nie.

### Gedagte vir die week:

"Wat sou van ons geword het as Jesus omgedraai het op die pad na Golgota?"

- Geen Hoop... Geen Genade... Geen Liefde.

Maar omdat Hy ons so liefhet, het Hy aanhou stap...

Mag hoop, genade en liefde jou toevou vandag en vir altyd.

Geseënde Paasfees!

Groete van huis tot huis.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIEMAATS♥IS♥LIEF♥VIR♥JESUS♥







# DIE WAARDE VAN DIEP DRUKKE



Diep drukke is sensoriese bewegings oefeninge wat kleuters (en selfs volwassenes) help om rustig te word en stimuleer dan optimale leer. Hierdie oefeninge sluit in: rolle, hande-vier-voet-loop, kruip, kruiwa-loop, vooroor rolle, skaatsplank ry op jou maag, spring op 'n springmat, spronge, hop en rol op 'n groot bal en nog vele meer.



Gaan probeer gerus 'n paar van hierdie oefeninge by die huis!



Parkies weet hoe om speel-speel te leer!

♥PARKIELAND♥HEG♥WAARDE♥  
AAN♥SPEEL♥

